Hoe om Jan van Riebeeck-bootjies te maak

Hierdie is ’n heerlike aktiwiteit om met ’n seunspan te doen. Spandeer ’n baie kort tydjie om die geskiedenis van Jan van Riebeeck te vertel. Maak daarna die bootjies.

? Stappe

1. Vertel die verhaal van Jan van Riebeeck. (Inligting is ook in die Graad 3 werkboek)

Op 24 Desember 1651, die dag voor Kersfees, vertrek Jan van Riebeeck met sy vrou, Maria, hul vier maande oue seuntjie, Lambertus, en sy niggies, Sebastiana en Elizabeth, van Opdorp met die skip, die *Drommedaris,* uit Texel na die Kaap. Die skepe *Reyger* en *Goede Hoop* het gelyktydig vertrek; die *Oliphant* en *Walvis* het later gevolg.

REGS: Die landing van Van Riebeeck aan die Kaap en die ontmoeting met die Khoikhoi, volgens die skildery van Charles Bell.

Ná ’n betreklik voorspoedige reis vaar Van Riebeeck Tafelbaai op Saterdag 6 April 1652 met sowat negentig man binne. Hy begin reeds op die Maandag met sy stigterswerk. Hy laat nie gras onder sy voete groei nie en wil sy take na die beste van sy vermoë afhandel, want sy kop staan eintlik na die Ooste toe waar hy bevordering wil gaan soek.

Van Riebeeck hoop om nie langer as ’n jaar in die Kaap te vertoef nie. Soos dit sou blyk, sou hy tien jaar lank hier swoeg - en nie slegs ’n verversingspos nie, maar uiteindelik ook ’n kolonie in Suid-Afrika vestig. *http://www.mieliestronk.com/vanrieb.html*

2. Maak die bootjie: Jy benodig ’n ballon, *prestick*, tou, polistireenbakkie en elmboog-plastiekpypie.

3. Maak ’n kleinerige gaatjie in die polistireenbootjie. Druk die pypie in die gaatjie in.
4. Plaas die ballon oor die pypie. Gebruik tou om die ballon stewig vas te maak.
5. Maak gebruik van *prestick* om die pypie onder aan die bootjie te verseël.
6. Maak die bootjie met ’n tou aan jou hand vas.
7. Blaas die ballon deur die pypie op.
8. Hou die pypie toe sodat die lug nie kan uitkom nie.
9. Plaas die bootjie op die water.
10. Die bootjie sal ’n entjie op die water vaar. Die ballon blaas af en die bootjie beweeg vorentoe.

11. Jy kan ook die bootjie vernoem na een van Jan van Riebeeck se skepe. Druk vooraf die bote se name op papier.
12. Elke kind besluit self wat die bootjie se naam is (Goede Hoop, Drommedaris of Reyger).
13. Plak die bootjie se naam op 'n sosatiestokkie vas.
14. Druk die sosatiestokkie in die polistireenbakkie.





15. Carike Keuzenkamp sing 'n liedjie oor Jan van Riebeeck. Leer die liedjie vir jou span.

JAN VAN RIEBEECK

Toe ek met my skippie daar in Tafelbaai kom
Toe kyk ek na die berg en ek vra hoekom
Is die berg so plat soos 'n tafel in die huis
Toe kry ek die antwoord dit hoort in die kombuis

REFREIN
Hiepiep hoera (3x) Suid-Afrika
(hiep, hiep, hiep)
Hiepiep hoera (3x) Suid-Afrika

Dan sê ons dankie, sê ons Jan van Riebeeck
Ons sal vir jou nooit vergeet nie
Dankie 1652 net vir hierdie dag
Baie, baie, baie dankie,
sê ons Jan van Riebeeck
Ons sal vir jou nooit vergeet nie
Dankie 1652 net vir hierdie dag.

☺ Wenke

1. Bied hierdie aktiwiteit naby 6 April aan.

☠ Waarskuwings

1. Moenie die gat vir die pypie te groot maak nie.
2. Die bootjie vaar maar ’n klein entjie. Dit is egter ver genoeg om vir baie pret te sorg!

🕮 Bronne

1. http://www.mieliestronk.com/vanrieb.html